



Inspire your children to read every day!

Is your home a reading home? Are stories part of your family's daily life? Reading to your children helps them to discover the magic of books. When you read to your children, you teach them that books allow us to explore other people's lives and to go on adventures to different places without ever leaving our homes!

If your children only read at school and when they do homework, then they will learn to link reading with work and not with pleasure. We need to read to our children if we want them to learn that reading can be an enjoyable and entertaining activity. Knowing this is what inspires them to want to read – and then to read more and more. This is how they establish a satisfying lifelong relationship with books and reading. And, in addition to this benefit, there are lots of research studies to show that the more children read at home, the better they do at school.

But reading to your children can't just happen once or twice. It needs to be one of the regular activities in your home. Here are three tips to help you make reading a part of your family's daily life.

- ★ **Be a role model.** When your children see you reading on a regular basis, they learn that reading is important, without you ever having to actually tell them this! Talk to your children about what you are reading and encourage them to ask questions about it.
- ★ **If you want them to read, read to them.** Decide on a time of day that you will sit with your children and enjoy a book together – and then, do this every day! Spending quiet, relaxing times reading together, helps you connect with your children.
- ★ **Develop children's confidence.** Value your children's attempts to read, just like you valued their first words! Give them lots of support to develop their confidence – that's half the battle with learning. Encourage them to read to you. Listen to their pretend reading. Let them try to read something that they choose – even if it is a little difficult for them. Unless they ask you for help, just enjoy listening to them read, without correcting them. Children need to behave like readers to *become* readers.


Inspireer jou kinders om elke dag te lees!

Is jou huis 'n huis waar daar gelees word? Is stories deel van jou gesin se daaglikse roetine? Om vir jou kinders te lees help hulle om die wonder van boeke te ontdek. Wanneer jy vir jou kinders lees, leer jy hulle dat boeke dit vir ons moontlik maak om ander mense se lewens te verken en avonture op verskillende plekke te beleef, sonder om ooit ons huise te verlaat!

As jou kinders slegs by die skool lees en wanneer hulle hul huiswerk doen, sal hulle leer om lees met werk, en nie met plesier nie, te assosieer. Ons moet vir ons kinders lees as ons wil hê hulle moet leer dat lees 'n genotvolle en vermaaklike aktiwiteit kan wees. As hulle dit weet, sal dit hulle inspireer om te lees – en om dan meer en meer te lees. Dit is hoe hulle 'n bevredigende lewenslange verhouding met boeke en lees bou. En buite hierdie voordeel, is daar baie navorsingstudies wat toon dat hoe meer kinders by die huis lees, hoe beter vaar hulle op skool.

Maar lees vir jou kinders kan nie net iets wees wat jy een of twee keer doen nie. Dit moet een van die gereelde aktiwiteite in jou huis wees. Hier volg drie wenke om jou te help om lees deel van jou gesin se daaglikse roetine te maak.

- ★ **Wees 'n rolmodel.** Wanneer jou kinders jou gereeld sien lees, leer hulle dat lees belangrik is, sonder dat jy dit ooit regtig vir hulle hoef te sê! Praat met jou kinders oor wat jy lees en moedig hulle aan om vroe daarvoor te vra.
- ★ **As jy wil hê hulle moet lees, lees vir hulle.** Besluit op 'n tyd van die dag wanneer jy by jou kinders kan sit en julle saam 'n boek kan geniet – en doen dit dan elke dag! Om stil, rustige tye saam deur te bring help jou om 'n band met jou kinders te vorm.
- ★ **Ontwikkel jou kinders se selfvertroue.** Toon jou waardering vir jou kinders se pogings om te lees, net soos jy waardering getoon het vir hulle eerste woorde! Gee hulle baie ondersteuning om hulle selfvertroue te ontwikkel – dan is die stryd half gewonne as dit by leer kom. Moedig hulle aan om vir jou te lees. Luister hoe hulle maak of hulle lees. Laat hulle iets probeer lees wat hulle kies – selfs al is dit 'n bietjie te moeilik vir hulle. Tensy hulle jou hulp vra, geniet dit net om te luister hoe hulle lees, sonder om hulle reg te help. Kinders moet soos lesers *optree* om lesers te word.



It's International Day of Families on 15 May! Enjoy our family story on pages 3 to 6 of this supplement.

Op 15 Mei is dit Internasionale Gesinsdag! Geniet ons gesinstorie op bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae.



Drive your imagination

Read to me. Every day.
Lees vir my. Elke dag.





Story stars

Singing the praises of reading!

Nal'ibali caught up with award-winning jazz singer, and mother, Judith Sephuma. She told us about the stories she likes to share with her own children and explained why we all need to read aloud to our children every day to help develop their literacy.

My favourite thing about being a parent is ...

... watching them grow and become responsible beings. From crawling, sitting and teething, to being able to utter their first words!

Watching my children learn to read and write is ...

... a relief that brings on a certain kind of excitement. It makes me proud when I see them actually read and write.

The stories/books I like to tell my own children are ...

... about growth and anything fun that has to do with animals; something that will make them creative and help them imagine what I am talking about.

We need to share stories with our children because ...

... they love listening to stories! It helps them with focus at school, it teaches them concentration and it creates an interest in reading.

As a child growing up in Polokwane, the story I remember ...

... is one my grandma used to tell us about Tselane. A giant had to swallow a very hot rod to have a thin voice to trick Tselane into coming to him. It's a really good story!

As a role model, my message is ...

... children enjoy reading as it increases their interest and helps to relax them as they get to use their imaginations! Read regularly to them – even 20 minutes a day can make a huge difference to their future success!



Judith Sephuma

Storiesterre

Besing die lof van lees!

Nal'ibali het met die bekroonde jazz-sangeres en ma, Judith Sephuma, gesels. Sy het vir ons vertel van die stories wat sy graag met haar eie kinders deel, en verduidelik waarom ons almal elke dag hardop vir ons kinders moet lees om hulle geletterdheid te help ontwikkel.

My gunstelingdeel van ouerskap is ...

... om te sien hoe my kinders groei en verantwoordelike mense word. Van kruip, tot sit en tandekry, totdat hulle hul eerste woorde kan sê!

Om te kyk hoe my kinders leer lees en skryf is ...

... 'n verligting wat 'n soort opwinding bring. Dit maak my trots wanneer ek sien hoe hulle regtig lees en skryf.

Die stories/boeke wat ek graag vir my kinders vertel/lees gaan oor ...

... groei, en enigiets prettigs oor diere, iets wat hulle kreatief sal maak en hulle sal help om hulle in te leef in dit waaroor ons praat.

Ons moet stories met ons kinders deel, want ...


... hulle is gek daaroor om na stories te luister! Dit help hulle om by die skool te fokus, dit leer hulle om te konsentreer en dit wakker 'n belangstelling in lees aan.

As 'n kind wat in Polokwane grootgeword het, onthou ek die volgende storie:

Dit is een wat my ouma vir ons oor Tselane vertel het. 'n Reus moes 'n baie warm staaf insluk sodat sy stem sag en hoog genoeg sou wees om Tselane na hom te lok. Dit is regtig 'n goeie storie!

As 'n rolmodel is my boodskap ...

... kinders geniet dit om te lees, want dit wakker hulle belangstelling aan en help hulle om te ontspan omdat hulle hul verbeelding gebruik! Lees gereeld vir hulle – selfs 20 minute per dag kan 'n groot verskil aan hulle sukses in die toekoms maak!




Nal'ibali on radio!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

X-K FM on Monday to Wednesday from 9.00 a.m. to 9.15 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



Nal'ibali op die radio!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

X-K FM van Maandag tot Woensdag vanaf 9.00 vm. tot 9.15 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.

Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie


1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



... I looked and looked. What did I see?
 There was ...
 ... ek kyk en ek kyk weer. Wat sien ek teen
 die muur? Daar is 'n ...



One day, I went into our room and ...
 Eendag loop ek in ons kamer in ...



Fold

The Little Library



Perfectly me is one of 36 stories available in the Little Library Kits for Numeracy, Literacy and Life Skills. Each kit contains 60 readers (5 copies of 12 stories), 12 big books, 12 posters and a comprehensive teacher's guide. The readers and the big books are available in all 11 official languages. For more information please visit our website www.cup.co.za.

Cambridge University Press
 P O Box 50017, V&A Waterfront, 8002
 Tel 021-4127800 | Fax 021 4198418
 Email info@cup.co.za



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi




Fold


CAMBRIDGE

Perfectly me Ek is perfek!

Martie Preller
 Ian Lusted




My mother loves my sister, Aisha, but she also loves me!
 My ma is lief vir my suster, Aisha, maar sy is ook lief vir my!



This is my sister, Aisha, and this is me!
 Dit is my suster, Aisha, en hier is ek!

... a monster looking at me! Can a mother love a monster like me?
 ... monster wat na my staar! Kan Mamma dan vir 'n monster soos ek lief wees?



But I am also perfectly me!
 Maar nou is ek ook perfek!

So I had a bath.
Toe gaan bad ek.



My sister, Aisha, always combs her hair, but
I can't find my comb.
My suster, Aisha, kam altyd haar hare,
maar ek kan nie my kam kry nie.



Fold



My sister, Aisha, is perfect. Don't you agree?
My suster, Aisha, is perfek. Stem jy saam?



My sister, Aisha, is perfect, but I am just me.
My suster, Aisha, is perfek, maar ek is net ek.

Fold

My sister, Aisha, always brushes her teeth,
but I can't find my toothbrush.
My suster, Aisha, borsel altyd haar tande,
maar ek kan nie my tandeborsel kry nie.



My sister, Aisha, always washes her face, but
I can't get out of bed.

My suster, Aisha, was altyd haar gesig, maar
ek sukkel om soggens uit die bed te kom.

I washed my ears. I washed my nose.
I washed my feet. I washed my toes.
Ek was my ore. Ek was my neus. Ek was my
voete. Ek was my tone.



I combed my hair and brushed my teeth.

Ek kam my hare en ek borsel my tande.

Get creative!

Words make us think! Here are some quick, fun word games to play with your family and at your reading club.

You will need: paper; scissors; pens or pencils; Prestik (optional)

What to do:

1. Prepare for the activity by cutting up paper into small pieces that are about 4 cm x 5 cm. It doesn't matter if the measurements are not exact. If you can use sheets of different coloured paper, that is even better!
2. Give each person between 8 and 10 pieces of paper and a pencil or pen.
3. Write one word on each piece of paper. As you do this:
 - don't think too much about what words to write, rather write down the words that pop into your head!
 - don't worry about spelling the words correctly – that can always be corrected later, as long as the person writing the word knows what it says
 - help younger children by writing the words they tell you.



4. Put all the words in an open area (like on a wall or on the floor) where everyone can see them. Then try out one or more of these ideas.
 - Choose words to combine into unusual pairs. For example: *monster stars, fly flowers.*
 - Choose one word, then see how many of the other words you can use with it. For example: *lost flowers, lost monster, lost stars, lost window, lost window flowers, lost fly etc.*
 - Choose 10 words and see how many different sentence combinations you can make with them. (You may need to use other words, like *the, and, a, to, but, on* to link the words you chose.)
 - Choose words and build poems with them. You'll need to add linking words here too.

Wees kreatief!

Woorde laat ons dink! Hier volg 'n paar vinnige, prettige woordspeletjies om saam met jou gesin of by jou leesklub te speel.

Jy benodig: papier, skêr, penne of potlode, wondergom (Prestik) (opsioneel)

Wat om te doen:

1. Berei vir die aktiwiteit voor deur papier in stukkie van ongeveer 4 cm x 5 cm te knip. Dit maak nie saak as die afmetings nie akkuraat is nie. As jy verskeie velle gekleurde papier kan gebruik, is dit selfs beter!
2. Gee vir elke persoon tussen 8 en 10 stukkie papier en 'n potlood of pen.
3. Skryf een woord op elke stukkie papier. Terwyl jy dit doen:
 - moenie te veel dink oor watter woorde om te skryf nie; skryf eerder die woorde neer wat eerste in jou kop kom!
 - moenie bekommerd wees as jy nie die woorde reg spel nie – dit kan altyd later reggestel word, solank die persoon wat die woord skryf, weet wat daar staan.
 - help jonger kinders om die woorde wat hulle vir jou sê, neer te skryf.
4. Plaas al die woorde in 'n oop area (soos teen 'n muur of op die vloer) waar almal dit kan sien. Probeer dan een of meer van hierdie idees.
 - Combineer woorde om ongewone samestelling te vorm. Byvoorbeeld: *monstersterre, vliegblomme.*
 - Kies dan een woord om te sien hoeveel van die ander woorde jy daarmee saam kan gebruik. Byvoorbeeld: *verlore blomme, verlore monster, verlore sterre, verlore vensterblomme, verlore vlieg, ens.*
 - Kies 10 woorde en kyk hoeveel verskillende sinne jy daarmee kan maak. (Jy sal dalk ander woorde moet gebruik, soos *die, en, 'n, na, maar, op* om die woorde wat jy gekies het met mekaar te verbind.)
 - Kies woorde en bou gedigte daarmee. Jy sal hier ook verbindingswoorde moet byvoeg.



Collect the Nal'ibali characters

Cut out and keep all your favourite Nal'ibali characters and then use them to create your own pictures, posters, stories or anything else you can think of!

About Gogo

Grandchildren: Neo, Mbali

Languages she speaks: isiZulu, isiXhosa, Sepedi, English and a little bit of French

Favourite hobby: running a reading club on Saturday afternoon

Favourite colour: yellow

Favourite drink: tea

Stories she likes: romance novels and stories on the radio



Versamel die Nal'ibali-karakters

Knip al jou gunsteling- Nal'ibali-karakters uit en gebruik hulle om jou eie prente, plakkate, stories of enigiets anders waaraan jy kan dink, te maak!

Oor Gogo

Kleinkinders: Neo, Mbali

Tale wat sy praat: isiZulu, isiXhosa, Sepedi, Engels en 'n bietjie Frans

Gunstelingstokperdjie: bestuur Saterdagmiddae 'n leesklub

Gunstelingkleur: geel

Gunstelingdrankie: tee

Stories waarvan sy hou: liefdesverhale en radiostories

Here's an idea...

- Cut out and colour in the picture of Gogo and then paste it on a large sheet of paper. Add other things to the picture to make it your own picture. Then write a caption for your picture.
- Write a few paragraphs of the story that Gogo is reading next to the picture of her.
- Keep the picture in a safe place and when you have collected all the Nal'ibali characters, use them to create your own Nal'ibali poster!

Hier's 'n idee ...

- Knip die prent van Gogo uit, kleur dit in en plak dit dan op 'n groot vel papier. Voeg dan dinge by die prent om dit jou eie prent te maak. Skryf 'n onderskrif vir jou prent.
- Skryf 'n paar paragrawe van die storie wat Gogo lees langs die prentjie van haar.
- Bêre die prent op 'n veilige plek, en wanneer jy al die Nal'ibali-karakters versamel het, kan jy hulle gebruik om jou eie Nal'ibali-plakkaat te maak!

Story corner

Here is the final part of the story in which Amina is trying to find someone to help give her special toy-friend all the things he needs. Enjoy reading it aloud or telling it.

Whatzit (Part 2) by Jude Daly

Amina went to find her middle sister, Fozia.

"What's that?" asked Fozia.

"Whatzit," said Amina. "Whatzit needs a nose."

"Okay," said Fozia, "but we must be quick, I'm really busy and still have so much to do." Fozia helped Amina sew a nose for Whatzit, a little turned up nose.

"And eyes," said Amina. But, already Fozia was not listening. So, Amina went to find her oldest sister, Shireen.

On the way, Amina's Dad saw her.

"What's that?" asked her Dad.

"Whatzit," said Amina. "Whatzit needs eyes."

"I've got some," said her Dad, "but we must be quick, I still have so much to do."

Amina and her Dad sewed on Whatzit's eyes – two sparkly button eyes.

"And a tail," said Amina.

"Well, I can't help you with that," said her Dad.

So, Amina went on to find her oldest sister, Shireen.

"Oh, my gosh," said Shireen, "where did you find that?" Amina told her.

"Wow!" said Shireen. "I was making it to give to you when you were born, but I lost it somewhere before it was finished."

Amina handed Whatzit to Shireen. "Oh, my gosh," said Shireen, "it's so cute. Has it got a name?"

"Whatzit," said Amina, "and Whatzit needs a tail."

So Amina and Shireen made a tail for Whatzit – a wiggly-waggly tail! Then Amina and Shireen looked at Whatzit and Whatzit smiled back at them!

"How about curly-wurly hair?" asked Shireen, "and some pointy ears? But then you're out of here because I'm really busy and still have my own things to do."

Amina took Whatzit back to her room and propped him up between Eli and Dassie and opposite Rabbit and Mouse. Then she made a fresh pot of tea.

Amina drank one cup and so did Eli, Dassie, Rabbit and Mouse, but Whatzit was very thirsty and drank three cups. After all, he had waited a long, long time for tea!

Storiehoekie

Hier volg die laaste deel van die storie waarin Amina iemand probeer kry wat haar sal help om haar spesiale speelgoedmaatjie alles te gee wat hy nodig het. Geniet dit om dit hardop te lees of te vertel.

Dingetjie (Deel 2) deur Jude Daly

Amina gaan soek haar middelste suster, Fozia.

"Watse ding is dit?" vra Fozia.

"Dingetjie," sê Amina. "Dingetjie kort 'n neus."

"Reg so," sê Fozia, "maar ons moet gou maak. Ek is regtig besig en ek het nog baie om te doen." Fozia help vir Amina om 'n neus vir Dingetjie te maak – 'n klein wipneusie.

"En oë," sê Amina. Maar Fozia luister lankal nie meer nie. Amina gaan soek toe haar oudste suster, Shireen.

Op pad sien Amina se pa haar.

"Watse ding is dit?" vra haar pa.

"Dingetjie," sê Amina. "Dingetjie kort oë."

"Ek het 'n paar," sê haar pa, "maar ons moet gou maak, want ek het nog baie om te doen."

Amina en haar pa werk Dingetjie se oë vas – twee mooi knopie-oë.

"En 'n stert," sê Amina.

"Jammer, ek kan jou nie daarmee help nie," sê haar pa.

Amina gaan soek toe haar oudste suster, Shireen.

"Gits," sê Shireen, "waar het jy dit gekry?" Amina vertel haar. "Sjoe!" sê Shireen. "Ek het dit begin maak toe jy gebore is, maar ek het dit iewers verloor voor ek klaar was."

Amina gee Dingetjie vir Shireen. "Ag, maar hy is oulik," sê Shireen. "Het hy 'n naam?"

"Dingetjie," sê Amina, "en Dingetjie kort 'n stert."

Amina en Shireen maak toe vir Dingetjie 'n stert – 'n swiepende swaaiende stert! Toe kyk Amina en Shireen na Dingetjie en Dingetjie glimlag vir hulle!

"Wat van krulhaartjies?" vra Shireen, "en spits oortjies? Maar dan moet jy skoert, want ek is regtig besig en ek het nog my eie goed om te doen."

Amina vat vir Dingetjie terug na haar kamer toe en sit hom tussen Eli en Dassie en oorkant Konyn en Muis. Toe maak sy 'n vars pot tee.

Amina drink een koppie en Eli, Dassie, Konyn en Muis ook, maar Dingetjie is baie dors en drink drie koppies. Hy moes immers baie lank wag vir tee!



Illustration by Magriet Brink
Illustrasie deur Magriet Brink

Tell us if you liked the story, *Whatzit* – SMS "Bookmark" with your name and your comments to 32545. R1,00 per SMS.

Vertel vir ons of jy van die storie, *Dingetjie*, gehou het – SMS "Bookmark" met jou naam en kommentaar na 32545. R1,00 per SMS.

In your next Nal'ibali supplement:

- Encouraging children to play with books
- Nal'ibali puzzle fun
- A special 24-page cut-out-and-keep book containing a story from Africa in celebration of Africa Day on 25 May: *The singing chameleon*

Are you on Mxit? Download the Nal'ibali app for literacy tips, reading club ideas and stories in a range of South African languages to enjoy on your phone. Go to <http://mxitapp.com/nalibali/signup> to get started.

Find us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA



In jou volgende Nal'ibali-bylae:

- Moedig kinders aan om met boeke te speel
- Nal'ibali-kopkrappret
- 'n Spesiale knip-uit-en-bêreboekie van 24 bladsye met 'n storie uit Afrika ter viering van Afrikadag op 25 Mei: *Die singende verkleurmannetjie*

Is jy op Mxit? Laai die Nal'ibali-toep af vir geletterdheidswenke, leesklubidees en stories in 'n verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale om op jou foon te geniet. Gaan na <http://mxitapp.com/nalibali/signup> om te begin.

Supplement produced by The Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.



Drive your imagination

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld
THE BEST QUALITY OF PAPER